IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(WES-KAAP HOË-HOF, KAAPSTAD)

SAAKNOMMER: SS273/2004

DATUM: 9 SEPTEMBER 2004

In die saak tussen:

ZANEMVULA SIDINANA Appellant

en

DIE STAAT Respondent

---

# U I T S P R A A K

(Aansoek om Verlof om te Appelleer)

FOURIE, R:

Die beskuldigde doen aansoek om verlof om te appelleer teen die vonnis wat ek so pas vir hom opgelê het. Dit is geykte reg dat die toets by so 'n aansoek is of daar 'n redelike vooruitsig op sukses op appèl bestaan. Na my mening, vir die redes wat ek reeds in my uitspraak ten aansien van vonnis aangevoer het, bestaan daar nie so 'n redelike vooruitsig op sukses op appèl nie, veral ook in die lig van die voorskrifte van Wet 105

van 1997. Daarbenewens is ek van oordeel dat die faktore na verwys deur me Van Vuuren in haar argument wel voldoende in ag geneem is by die oplegging van die vonnis.

In die omstandighede word die **<u>AANSOEK OM VERLOF OM TE APPELLEER VAN DIE HAND GEWYS</u>**.

FOURIE, R